REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 419

CAPE TOWN, 3 MAY 2000

KAAPSTAD, 3 MEI 2000

No. 21141


THE PRESIDENCY

No. 447. 3 Mei 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 12 of 2000: Financial Services Board Amendment Act, 2000.

DIE PRESIDENSIE

No. 447. 3 May 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 12 van 2000: Wysigingswet op die Raad op Finansiële Dienste, 2000.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 20 April 2000.)*

# ACT

**To amend the Financial Services Board Act, 1990, so as to insert a definition; to amend the provisions dealing with the functions of the Financial Services Board; to make further provision for the appointment of members of the Financial Services Board and its executive; to amend certain outdated provisions; to repeal the provision relating to the pension rights of certain officers and employees; to provide for consultation before the imposition of levies on financial institutions; to repeal the provision regarding the printing of the annual report; to make further provision for the provision of information and assistance to other regulatory authorities; to make further provision for the limitation of liability of certain functionaries, bodies and persons; to further regulate the prohibition on the use of a name or description implying a connection with the Financial Services Board; and to further regulate the constitution and functions of the board of appeal; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 97 of 1990, as amended by section 1 of Act 41 of 1992, section 67 of Act 104 of 1993 and section 5 of Act 22 of 1997**

**1.** Section 1 of the Financial Services Board Act, 1990 (hereinafter referred to as the principal Act), is amended by the insertion after the definition of "Minister" of the following definition:

" 'supervision', in relation to supervision by the board over the performance of functions by the executive officer in terms of any law, means—

*(a)* the determination by the board that a particular function or category of functions—
   (i) may not be performed by the executive officer without the prior approval of the board;
   (ii) may be performed by the executive officer in accordance with guidelines issued by the board; or
   (iii) may be performed by the executive officer in his or her discretion; and

*(b)* the periodical reporting to the board by the executive officer on the performance of his or her functions at such a time and in such a manner as may be determined by the board,

and 'supervise' shall have a corresponding meaning;".

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| __________ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 20 April 2000.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990, ten einde 'n omskrywing in te voeg; die bepalings wat handel oor die werksaamhede van die Raad op Finansiële Dienste te wysig; verder voorsiening te maak vir die aanstelling van lede van die Raad op Finansiële Dienste en sy uitvoerende bestuur; sekere verouderde bepalings te wysig; die bepaling met betrekking tot die pensioenregte van sekere beamptes en werknemers te herroep; voorsiening te maak vir oorlegpleging voor die oplegging van heffings op finansiële instellings; die bepaling met betrekking tot die druk van die jaarverslag te herroep; verder voorsiening te maak vir die verskaffing van inligting en bystand aan ander regulerende owerhede; verder voorsiening te maak vir die beperking van aanspreeklikheid van sekere funksionarisse, liggame en persone; die beperking op die gebruik van 'n naam of beskrywing wat 'n verband met die Raad op Finansiële Dienste te kenne gee verder te reël; en die samestelling en werksaamhede van die appèlraad verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 41 van 1992, artikel 67 van Wet 104 van 1993 en artikel 5 van Wet 22 van 1997**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (hieronder die Hoofwet genoem), word gewysig deur na die omskrywing van "raad" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'toesig', met betrekking tot toesig deur die raad oor die uitvoering van werksaamhede deur die uitvoerende beampte ingevolge enige wet—
(*a*) die bepaling deur die raad dat 'n bepaalde werksaamheid of kategorie werksaamhede—
(i) nie deur die uitvoerende beampte sonder die vooraf verkreë goedkeuring van die raad verrig mag word nie;
(ii) deur die uitvoerende beampte verrig kan word ooreenkomstig riglyne uitgereik deur die raad; of
(iii) na goeddunke deur die uitvoerende beampte verrig kan word; en
(*b*) die periodieke verslaggewing deur die uitvoerende beampte aan die raad oor die verrigting van sy of haar werksaamhede op die tyd en wyse deur die raad bepaal,
en het 'om toesig te hou' 'n ooreenstemmende betekenis;".

**Substitution of section 3 of Act 97 of 1990**

**2.** The following section is substituted for section 3 of the principal Act:

"**Functions of board**

**3.** The functions of the board are—

*(a)* to supervise the **[exercise of control, in terms of any law, over the activities of]** compliance with laws regulating financial institutions **[and over]** and the provision of financial services; **[and]**

*(b)* to advise the Minister on matters concerning financial institutions and financial services, either of its own accord or at the request of the Minister; and

*(c)* to promote programmes and initiatives by financial institutions and bodies representing the financial services industry to inform and educate users and potential users of financial products and services.".

**Substitution of section 4 of Act 97 of 1990**

**3.** The following section is substituted for section 4 of the principal Act:

"**Constitution of board**

**4.** (1) The board shall **[consist of]** be governed by so many members as the **[State President]** Minister may deem necessary and appoint, with due regard to the interests of the users of financial services and the suppliers of financial services, including financial intermediaries, and the public interest.

(2) The **[State President]** Minister may appoint an alternate member for every member of the board.

(3) The **[State President]** Minister shall appoint a member of the board as the **[chairman]** chairperson and another member as the deputy **[chairman]** chairperson.

(4) If the **[chairman]** chairperson is absent or is for any reason unable to act as **[chairman]** chairperson the deputy **[chairman]** chairperson shall perform the functions of the **[chairman]** chairperson.".

**Amendment of section 5 of Act 97 of 1990, as amended by section 68 of Act 104 of 1993**

**4.** Section 5 of the principal Act is amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* if, in the opinion of the **[State President]** Minister, he or she is actually engaged in the business of a financial institution or actually engaged in the rendering of a financial service: Provided that the **[State President]** Minister may, in consultation with the recognised association or organisation of the relevant financial institution or financial service in which such person is actually engaged, appoint a person who would otherwise be disqualified in terms of this paragraph from being a member of the board;".

**Amendment of section 6 of Act 97 of 1990**

**5.** Section 6 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The **[State President]** Minister may at any time terminate the membership of any member or alternate member of the board if in the opinion of the **[State President]** Minister sufficient reasons exist therefor.".

**Vervanging van artikel 3 van Wet 97 van 1990**

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**"Werksaamhede van raad**

**3.** Die werksaamhede van die raad is om—

*(a)* toesig te hou oor die **[uitoefening van beheer ingevolge die een of ander wet oor die bedrywighede van]** nakoming van wette wat finansiële instellings **[en oor]** reguleer en die voorsiening van finansiële dienste; **[en]**

*(b)* die Minister van advies te dien oor sake rakende finansiële instellings en finansiële dienste, óf uit eie beweging óf op versoek van die Minister; en

*(c)* programme en inisiatiewe deur finansiële instellings en liggame wat die finansiële dienstebedryf verteenwoordig om gebruikers en potensiële gebruikers van finansiële produkte en dienste in te lig en voor te lig, te bevorder.".

**Vervanging van artikel 4 van Wet 97 van 1990**

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**"Samestelling van raad**

**4.** (1) Die raad **[bestaan uit]** word beheer deur soveel lede as wat die **[Staatspresident]** Minister nodig ag en deur hom of haar aangestel word met behoorlike inagneming van die belange van die gebruikers van finansiële dienste en die verskaffers van finansiële dienste, met inbegrip van finansiële tussengangers, en die openbare belang.

(2) Die **[Staatspresident]** Minister kan vir elke lid van die raad 'n plaasvervangende lid aanstel.

(3) Die **[Staatspresident]** Minister stel 'n lid van die raad as voorsitter en 'n ander lid as ondervoorsitter van die raad aan.

(4) Indien die voorsitter afwesig is of om die een of ander rede nie as voorsitter kan optree nie, verrig die ondervoorsitter die werksaamhede van die voorsitter.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 68 van Wet 104 van 1993**

**4.** Artikel 5 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* indien hy of sy, volgens die oordeel van die **[Staatspresident]** Minister daadwerklik betrokke is in die sake van 'n finansiële instelling of daadwerklik betrokke is in die lewering van 'n finansiële diens: Met dien verstande dat die **[Staatspresident]** Minister, in oorleg met die erkende vereniging of organisasie van die tersaaklike finansiële instelling of finansiële diens waarin dié persoon daadwerklik betrokke is, 'n persoon wat andersins ingevolge hierdie paragraaf onbevoeg sou wees om lid van die raad te wees, kan aanstel;".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 97 van 1990**

**5.** Artikel 6 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die **[Staatspresident]** Minister kan te eniger tyd die lidmaatskap van 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die raad beëindig indien daar na die oordeel van die **[Staatspresident]** Minister gegronde redes daarvoor bestaan.".

### Amendment of section 7 of Act 97 of 1990

**6.** Section 7 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A member or alternate member of the board shall hold office, subject to the provisions of section 6, for such period, not exceeding three years, as the **[State President]** Minister may determine at the time of his or her appointment: Provided that—

*(a)* the term of office of not more than 50 per cent of the members or alternate members of the board shall expire within any calendar year; and

*(b)* if at the expiry of the term of office of a member or alternate member of the board a successor has not been appointed as provided for in this subsection, such member or alternate member shall continue in office for a further period not exceeding six months until reappointed or until a successor is appointed, whichever occurs first.".

### Amendment of section 9 of Act 97 of 1990, as amended by section 2 of Act 41 of 1992

**7.** Section 9 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The executive shall consist of the executive officer, the deputy executive officers, **[and]** the chief actuary and such other officers or employees of the board as the board may from time to time appoint to the executive, on such conditions as it deems fit.".

### Amendment of section 10 of Act 97 of 1990

**8.** Section 10 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Such a committee shall consist of so many members of the board or so many other persons or so many members or other persons as the board may deem necessary, and the board may at any time dissolve or reconstitute such a committee: Provided that the nomination and appointment of other persons to a committee of the board shall not cease upon the vacation of office of a member of the board who served on such a committee.".

### Amendment of section 13 of Act 97 of 1990, as amended by section 3 of Act 41 of 1992

**9.** Section 13 of the principal Act is amended by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* officers and employees placed at the disposal of the board under section **[14(3)*(a)*]** 15(3)*(a)* of the Public Service Act, **[1984 (Act No. 111 of 1984)]** 1994 (Proclamation No. 103 of 1994).".

### Amendment of section 14 of Act 97 of 1990, as amended by section 1 of Act 84 of 1992

**10.** Section 14 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The board may pay to the persons in its employ, or provide them with, such remuneration, allowances, bonuses, subsidies, pension and other employment benefits as the board may, after having obtained such professional advice as it may deem fit, consider as being competitive in the open market **[for the manpower concerned and may determine without being subject to any provisions of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984)]** but with due regard to section 18*(b)*.".

### Repeal of section 15 of Act 97 of 1990

**11.** Section 15 of the principal Act is repealed.

**Wysiging van artikel 7 van Wet 97 van 1990**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Lid of 'n plaasvervangende lid van die raad beklee sy of haar amp, behoudens die bepalings van artikel 6, vir die tydperk, maar hoogstens drie jaar, wat die **[Staatspresident]** Minister ten tyde van sy of haar aanstelling bepaal: Met dien verstande dat—

*(a)* die ampstermyn van nie meer nie as 50 persent van die lede of plaasvervangende lede van die raad binne enige kalenderjaar verstryk; en

*(b)* indien by die verstryking van die ampstermyn van 'n lid of 'n plaasvervangende lid van die raad 'n opvolger nie aangestel is soos in hierdie subartikel bepaal nie, die lid of plaasvervangende lid in sy of haar amp aanbly vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande totdat hy of sy heraangestel word of 'n opvolger aangestel word, welke ook al eerste plaasvind.".

**Wysiging van artikel 9 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 41 van 1992**

**7.** Artikel 9 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die uitvoerende bestuur bestaan uit die uitvoerende beampte, die adjunk-uitvoerende beamptes, **[en]** die hoofaktuaris en die ander beamptes of werknemers van die raad wat die raad van tyd tot tyd op die uitvoerende bestuur aanstel op die voorwaardes wat die raad goedvind.".

**Wysiging van artikel 10 van Wet 97 van 1990**

**8.** Artikel 10 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) So 'n komitee bestaan uit soveel lede van die raad of soveel ander persone of soveel lede en ander persone as wat die raad nodig ag, en die raad kan te eniger tyd so 'n komitee ontbind of hersaamstel: Met dien verstande dat die benoeming en aanstelling van ander persone in 'n komitee van die raad nie beëindig word by die ampsontruiming van 'n lid van die raad wat in so 'n komitee gedien het nie.".

**Wysiging van artikel 13 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 41 van 1992**

**9.** Artikel 13 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* beamptes en werknemers wat kragtens artikel **[14(3)*(a)*]** 15(3)*(a)* van die Staatsdienswet, **[1984 (Wet No. 111 van 1984)]** 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), tot die beskikking van die raad gestel word.".

**Wysiging van artikel 14 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 84 van 1992**

**10.** Artikel 14 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die raad kan aan die persone in sy diens die vergoeding, toelaes, bonusse, subsidies, pensioen- en ander diensvoordele betaal of verskaf wat die raad, na verkryging van die vakkundige advies wat hy goedvind, as mededingend **[vir die betrokke werkkragte]** op die ope mark beskou **[en wat die raad bepaal, sonder om aan enige bepalings van die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), onderworpe te wees]**.".

**Herroeping van artikel 15 van Wet 97 van 1990**

**11.** Artikel 15 van die Hoofwet word herroep.

**Amendment of section 15A of Act 97 of 1990, as inserted by section 2 of Act 84 of 1992**

**12.** Section 15A of the principal Act is amended—

*(a)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"<u>(1A) *(a)* Before imposing levies referred to in subsection (1), the board must publish the proposed levies in such manner as it considers appropriate in order to bring the proposed levies to the attention of the financial institutions in question and the users of financial services rendered by these institutions, together with a statement that representations about the proposed levies may be made to the board within a specified time.</u>

<u>*(b)* Before imposing levies the board must have regard to any representations made in pursuance of the statement referred to in paragraph *(a)*.</u>

<u>*(c)* Paragraphs *(a)* and *(b)* do not apply where the board, with the approval of the Minister, is of the opinion that the delay involved in complying with those paragraphs would be prejudicial to the functions of the board in terms of section 3*(a)* and *(c)*.</u>"; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(c)* The board **[may]** <u>shall</u> before taking a decision contemplated in paragraph *(b)*(i), grant the financial institution concerned the opportunity deemed fit by the board to be heard.".

**Substitution of section 18 of Act 97 of 1990, as substituted by section 5 of Act 41 of 1992**

**13.** The following section is substituted for section 18 of the principal Act:

"**Consultation with Minister**

**18.** The board and **[the executive officer, deputy executive officers and chief actuary]** <u>members of the executive contemplated in section 9(4)—</u>

<u>*(a)*</u> shall consult with the Minister **[in]** <u>on any matter relating to</u> the exercise of such powers and the performance of such duties under this Act or any other law as the Minister may determine from time to time; **[and the board and the executive officer shall directly]** <u>and</u>

<u>*(b)*</u> <u>may</u> consult with the Minister in connection with any **[other]** matter **[it or he]** <u>which any of them</u> wishes to bring to the attention of the Minister.".

**Amendment of section 21 of Act 97 of 1990, as amended by section 69 of Act 104 of 1993**

**14.** Section 21 of the principal Act is amended by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 22 of Act 97 of 1990, as amended by section 7 of Act 41 of 1992**

**15.** Section 22 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the executive officer may, <u>unless he or she is of the opinion that any such disclosure or rendering of assistance will not be in the public interest, but subject to guidelines issued by the board—</u>

<u>*(a)*</u> disclose to any foreign financial <u>or investment</u> services regulatory <u>or supervisory</u> authority, <u>or any other regulatory or supervisory authority for financial or investment services in the Republic, including the Registrar of Medical Schemes and a self-regulatory body approved by the board,</u> information relating to a particular financial <u>or other</u> institution <u>or financial or other service</u> or a particular individual who is or was involved in a particular financial institution or financial service, if the executive officer is of the opinion that **[taking into consideration the public interest]** such informa-

**Wysiging van artikel 15A van Wet 97 van 1990, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 84 van 1992**

12. Artikel 15A van die Hoofwet word gewysig—

*(a)* deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

"(1A)*(a)* Voor die oplegging van heffings bedoel in subartikel (1) moet die raad die beoogde heffings publiseer op die wyse wat hy toepaslik ag ten einde die beoogde heffings onder die aandag te bring van die betrokke finansiële instellings en die gebruikers van finansiële dienste wat deur hierdie instellings gelewer word, tesame met 'n verklaring dat vertoë oor die beoogde heffings binne 'n vermelde tyd aan die raad gerig kan word.

*(b)* Voor die raad heffings oplê, moet die raad enige vertoë gerig na aanleiding van die verklaring bedoel in paragraaf *(a)* in ag neem.

*(c)* Paragrawe *(a)* en *(b)* is nie van toepassing nie waar die raad, met die instemming van die Minister, van oordeel is dat die vertraging verbonde aan voldoening daaraan nadelig sal wees vir die werksaamhede van die raad ingevolge artikel 3*(a)* en *(c)*."; en

*(b)* deur paragraaf *(c)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* Die raad **[kan]** moet, voor die neem van 'n beslissing in paragraaf *(b)*(i) beoog, aan die betrokke finansiële instelling die geleentheid wat die raad geskik ag, verleen om aangehoor te word.".

**Vervanging van artikel 18 van Wet 97 van 1990, soos vervang deur artikel 5 van Wet 41 van 1992**

**13.** Artikel 18 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**"Oorlegpleging met Minister**

**18.** Die raad en **[die uitvoerende beampte, adjunk- uitvoerende beamptes en hoofaktuaris]** lede van die uitvoerende bestuur in artikel 9(4) beoog—

*(a)* moet met die Minister oorleg pleeg **[by]** oor enige aangeleentheid in verband met die uitoefening van die bevoegdhede en die uitvoering van die pligte kragtens hierdie Wet of 'n ander wet wat die Minister van tyd tot tyd bepaal; **[en die raad en die uitvoerende beampte pleeg regstreeks oorleg]** en

*(b)* kan met die Minister oorleg pleeg in verband met enige **[ander]** aangeleentheid wat enigeen van hulle onder die aandag van die Minister wil bring.".

**Wysiging van artikel 21 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 69 van Wet 104 van 1993**

**14.** Artikel 21 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) te skrap.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 41 van 1992**

**15.** Artikel 22 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan die uitvoerende beampte, tensy hy of sy van oordeel is dat enige sodanige openbaarmaking of lewering van bystand nie in die openbare belang sal wees nie, maar behoudens riglyne deur die raad uitgereik—

*(a)* aan enige buitelandse regulerende of toesighoudende owerheid vir finansiële **[dienste]** of beleggingsdienste, of enige ander regulerende of toesighoudende owerheid vir finansiële of beleggingsdienste in die Republiek, met inbegrip van die Registrateur van Mediese Skemas en 'n selfregulerende liggaam deur die raad goedgekeur, inligting openbaar met betrekking tot 'n bepaalde finansiële of ander instelling of finansiële of ander diens of 'n bepaalde individu wat by 'n bepaalde finansiële

tion will be of importance to the relevant **[foreign financial services]** regulatory or supervisory authority, Registrar of Medical Schemes or self-regulatory body; and

(*b*) disclose to any foreign financial or investment services regulatory or supervisory authority any information required in terms of any agreement, *communiqué* or memorandum of understanding concluded by the board or the executive officer with any such authority, and may render any assistance to such authority:

Provided that the board or the executive officer may impose conditions relating to the use that may be made of any information or assistance and the preservation of confidentiality in respect thereof.".

**Substitution of section 23 of Act 97 of 1990**

**16.** The following section is substituted for section 23 of the principal Act:

"**Limitation of liability**

**23.** The Minister, the board, a member or alternate member of the board or the board of appeal or any officer or employee in the employment of the board shall not be liable **[in respect of any *bona fide* exercise of a discretion in the performance of any function by him]** for any loss sustained by, or damage caused to, any person as a result of anything done or omitted by any such functionary, body or person in the *bona fide*, but not grossly negligent, exercise of any power or the carrying out of any duty or the performance of any function under or in terms of this Act or any other law.".

**Substitution of section 24 of Act 97 of 1990**

**17.** The following section is substituted for section 24 of the principal Act:

"**Restriction on use of name or description implying connection with board**

**24.** No person shall apply to any company, body, firm, business or undertaking a name or description signifying or implying some connection between such company, body, firm, business or undertaking and the board unless the person—

(*a*) has been authorised by the board to do so; and

(*b*) complies with the conditions determined by the board.".

**Amendment of section 26 of Act 97 of 1990, as amended by section 8 of Act 41 of 1992**

**18.** Section 26 of the principal Act is amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) There is hereby established a board of appeal, which shall consist of three persons with an alternate for each of them (hereafter referred to as 'the members of the board of appeal'), appointed by the Minister, of whom—

(*a*) one shall be a person appointed on account of his or her wide experience and expert knowledge of law, who shall be the **[chairman]** chairperson;

(*b*) one shall be **[one of the members of the board]** a person appointed on account of his or her wide experience and expert knowledge of financial institutions and financial services; and

(*c*) one shall be a person registered as an accountant and auditor under **[section 23 of]** the Public Accountants' and Auditors' Act, **[1951 (Act No. 51 of 1951)]** 1991 (Act No. 80 of 1991), and who in the opinion of the Minister has wide experience of, and expert knowledge of the latest developments in, the accountants' and auditors' profession.";

instelling of finansiële diens betrokke is of was indien die uitvoerende beampte van oordeel is dat **[met inagneming van die openbare belang]** sodanige inligting vir die betrokke **[buitelandse]** regulerende of toesighoudende owerheid, **[vir finansiële dienste]** Registrateur van Mediese Skemas of selfregulerende liggaam van belang sal wees; en

*(b)* aan 'n buitelandse regulerende of toesighoudende owerheid vir finansiële of beleggingsdienste enige inligting openbaar wat vereis word ingevolge enige ooreenkoms, *communiqué* of memorandum van verstandhouding aangegaan deur die raad of die uitvoerende beampte met enige sodanige owerheid, en enige bystand aan sodanige owerheid verleen:

Met dien verstande dat die raad of die uitvoerende beampte voorwaardes kan oplê met betrekking tot die gebruik van enige inligting of bystand en die behoud van vertroulikheid ten opsigte daarvan.".

**Vervanging van artikel 23 van Wet 97 van 1990**

**16.** Artikel 23 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**"Beperking van aanspreeklikheid**

**23.** Die Minister, die raad, 'n lid of plaasvervangende lid van die raad of die appèlraad of 'n beampte of werknemer in diens van die raad is nie aanspreeklik nie **[ten opsigte van enige *bona fide*-uitoefening van 'n diskresie by die verrigting deur hom van 'n werksaamheid]** vir enige verlies gely deur of skade veroorsaak aan enige persoon as gevolg van enigiets gedoen of gelaat deur enige sodanige funksionaris, liggaam of persoon in die *bona fide*, maar nie growwe nalatige nie, uitoefening van enige bevoegdheid of uitvoering van enige plig of verrigting van enige werksaamheid kragtens of ingevolge hierdie Wet of enige ander wet.".

**Vervanging van artikel 24 van Wet 97 van 1990**

**17.** Artikel 24 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**"Beperking op gebruik van naam of beskrywing wat verband met raad te kenne gee**

**24.** Niemand mag 'n naam of beskrywing vir 'n maatskappy, liggaam, firma, besigheid of onderneming gebruik wat die een of ander verband tussen dié maatskappy, liggaam, firma, besigheid of onderneming en die raad aandui of te kenne gee nie, tensy die persoon—

*(a)* deur die raad gemagtig is om dit te doen; en

*(b)* aan die voorwaardes voldoen wat die raad bepaal.".

**Wysiging van artikel 26 van Wet 97 van 1990, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 41 van 1992**

**18.** Artikel 26 van die Hoofwet word gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Daar word hierby 'n appèlraad ingestel, wat bestaan uit drie persone met 'n plaasvervanger vir elkeen van hulle (hierna die 'lede van die appèlraad') genoem, aangestel deur die Minister, en van wie—

*(a)* een, wat die voorsitter is, aangestel word op grond van sy of haar wye ervaring en besondere kennis van die reg;

*(b)* een **[een van die lede van die raad is]** 'n persoon is wat aangestel word op grond van sy of haar wye ervaring en besondere kennis van finansiële instellings en finansiële dienste; en

*(c)* een 'n persoon is wat kragtens **[artikel 23 van]** die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, **[1951 (Wet No. 51 van 1951)]** 1991 (Wet No. 80 van 1991), as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is en wat na die oordeel van die Minister wye ervaring het van, en oor kundigheid beskik aangaande die jongste ontwikkelinge in, die rekenmeesters- en ouditeursberoep.";

*(b)* by the substitution for subsection (1A) of the following subsection:

"(1A) The executive officer shall designate **[an officer of the board]** any person to act as secretary of the board of appeal.";

*(c)* by the insertion after subsection (1A) of the following subsection:

"(1B) *(a)* When the board of appeal deems it necessary for the hearing of a particular appeal that the board of appeal should be assisted by an assessor having expert knowledge of a particular matter, the board of appeal may co-opt any such person to participate in the appeal as an assessor of the board of appeal.

*(b)* Such assessor may not participate in any decision of the board of appeal.";

*(d)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) The noting of an appeal in terms of subsection (2) does not suspend the operation or execution of the decision pending the decision of the board of appeal, unless the board of appeal, on the application of a party, directs otherwise.";

*(e)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(b)* in the case of the member referred to in subsection (1)*(b)*, **[one of the other members of the board]** a person temporarily appointed **[by the Minister]** subject to the provisions of that subsection; and";

*(f)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

" (6) An appeal shall be heard on the date and at the place and time fixed by the board of appeal, which shall in writing notify **[the appellant as well as the executive officer]** the parties to the appeal thereof.";

*(g)* by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) **[The appellant as well as the executive officer]** Any party to an appeal shall be entitled to be represented at an appeal by a legal **[practitioner]** representative.";

*(h)* by the substitution for subsection (10) of the following subsection:

"(10) The board of appeal may after hearing the appeal—

*(a)* confirm, set aside or vary the relevant decision against which the appeal was brought;

*(b)* order that the decision of the board of appeal be given effect to; or

*(c)* refer any matter back for consideration or reconsideration by the executive officer in accordance with such directions as the board of appeal may lay down.";

*(i)* by the substitution for subsection (12) of the following subsection:

"(12) The decision of the board of appeal shall be put in writing, and a copy thereof shall be furnished to **[the appellant as well as to the executive officer]** every party to the appeal."; and

*(j)* by the substitution for subsection (14) of the following subsection:

"(14) *(a)* The board of appeal may make such order as to costs, including an order regarding the refunding of any fees paid in terms of subsection (2), as it may deem suitable and fair.

*(b)* An order as to costs shall have legal force and may be enforced as if it were issued in civil proceedings in a division of the High Court of South Africa within whose area of jurisdiction the board of appeal held its sitting.".

**Substitution of section 28 of Act 97 of 1990**

**19.** The following section is substituted for section 28 of the principal Act:

"**Application of Act**

**28.** The provisions of this Act shall not affect the operation of any bank or mutual **[building society or building society]** bank registered in terms of the Banks Act, **[1965 (Act No. 23 of 1965)]** 1990 (Act No. 94 of 1990), or the Mutual **[Building Societies Act, 1965 (Act No. 24 of 1965), or the Building Societies Act, 1986 (Act No. 82 of 1986)]** Banks Act, 1993 (Act No. 124 of 1993), respectively, in respect of any bank or **[building society]**

*(b)* deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1A) Die uitvoerende beampte wys 'n **[beampte van die raad]** persoon aan om as sekretaris van die appèlraad op te tree.";

*(c)* deur na subartikel (1A) die volgende subartikel in te voeg:

"(1B) *(a)* Wanneer die appèlraad dit vir die aanhoor van 'n bepaalde appèl nodig ag dat die appèlraad deur 'n assessor bygestaan word wat oor deskundige kennis oor 'n bepaalde aangeleentheid beskik, kan die appèlraad enige sodanige persoon koöpteer om deel te neem aan die appèl as 'n assessor van die appèlraad.

*(b)* So 'n assessor mag nie deelneem aan enige beslissing van die appèlraad nie.";

*(d)* deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

"(2A) Die aantekening van 'n appèl ingevolge subartikel (2) skort nie die werking of uitvoering van die besluit, hangende die beslissing van die appèlraad, op nie, tensy die appèlraad op aansoek van 'n party anders gelas.";

*(e)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* In die geval van 'n lid bedoel in subartikel (1)*(b)*, **[een van die ander lede van die raad]** 'n persoon tydelik aangestel **[deur die Minister]** behoudens die bepalings van daardie subartikel; en";

*(f)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) 'n Appèl word aangehoor op die datum, plek en tyd wat die appèlraad bepaal, wat **[sowel die appellant as die uitvoerende beampte]** die partye tot die appèl skriftelik daarvan in kennis moet stel.";

*(g)* deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"**[Sowel die appellant as die uitvoerende beampte]** Enige party tot 'n appèl het die reg om by 'n appèl deur 'n **[regspraktisyn]** regsverteenwoordiger verteenwoordig te word.";

*(h)* deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

"(10) Die appèlraad kan na aanhoor van die appèl—

*(a)* die betrokke besluit waarteen die appèl gevoer is, bekragtig, tersyde stel of verander;

*(b)* beveel dat uitvoering gegee word aan die beslissing van die appèlraad; of

*(c)* 'n aangeleentheid na die uitvoerende beampte terugverwys vir oorweging of heroorweging ooreenkomstig die aanwysings wat die appèlraad bepaal;";

*(i)* deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

"(12) Die beslissing van die appèlraad moet op skrif gestel word en 'n afskrif daarvan moet aan **[sowel die appellant as die uitvoerende beampte]** elke party tot die appèl verstrek word."; en

*(j)* deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang:

"(14) *(a)* Die appèlraad kan die bevele gee aangaande koste, insluitend 'n bevel betreffende die terugbetaling van enige gelde betaal uit hoofde van subartikel (2), wat hy geskik en billik ag.

*(b)* 'n Bevel aangaande koste het regskrag en kan afgedwing word asof dit uitgereik is in siviele verrigtinge in 'n afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika in wie se regsgebied die appèlraad sy sitting gehou het.".

**Vervanging van artikel 28 van Wet 97 van 1990**

**19.** Artikel 28 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**"Toepassing van Wet**

**28.** Die bepalings van hierdie Wet raak nie die bedryf nie van 'n bank, of onderlinge **[bouvereniging of bouvereniging]** bank wat ingevolge onderskeidelik die Bankwet, **[1965 (Wet No. 23 van 1965)]** 1990 (Wet No. 94 van 1990), of die Wet op Onderlinge **[Bouverenigings, 1965 (Wet No. 24 van 1965), of die Wet op Bouverenigings, 1986 (Wet No. 82 van 1986)]** Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993), geregistreer is, ten opsigte

mutual bank business carried on by such a bank or **[building society]** mutual bank in accordance with the provisions of the said Acts.".

**Savings and transitional provisions**

**20.** (1) The repeal of section 15 of the principal Act by section 11 shall not affect—

*(a)* the previous operation of section 15 or anything done under, in terms of or by virtue of section 15; or

*(b)* any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred under, in terms of or by virtue of section 15.

(2) The provisions of this Act shall not affect anything done or omitted under, in terms of or by virtue of any provision of the principal Act, before the date of commencement of this Act, which could have been done or omitted under, in terms of or by virtue of a provision of the principal Act as amended by this Act: Provided that anything specifically done by the Financial Services Board under sections 3*(a)* and 13(3) of the principal Act prior to the date of commencement of sections 1 and 2 of this Act, shall continue to have legal force unless the executive officer of that Board after the date of commencement of this Act decides otherwise, and shall in any such case, be deemed to have been done by that executive officer.

(3) The provisions of this Act shall not affect—

*(a)* any legal proceedings in which the said Financial Services Board is involved, and which are pending in any court of law immediately prior to the date of commencement of this Act, which proceedings shall proceed in all respects until final disposal thereof, as if this Act had not been passed; and

*(b)* any international agreement, memorandum of understanding or *communiqué* concluded before the date of commencement of this Act by the said Financial Services Board, provided that any functions or duties entrusted or imposed on, or rights granted to, that Board under , in terms of or by virtue of any such agreement, memorandum or *communiqué* shall upon the date of commencement of this Act devolve on the executive officer of that Board.

**Amendment of laws**

**21.** The laws mentioned in the Schedule are amended to the extent indicated in the third column thereof.

**Substitution of long title of Act 97 of 1990**

**22.** The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

"To provide for the establishment of a board to **[exercise supervision over the business of]** supervise compliance with laws regulating financial institutions and the provision of financial services; and for matters connected therewith.".

**Short title and commencement**

**23.** This Act is called the Financial Services Board Amendment Act, 2000, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

van bank- of **[bouverenigingsake]** onderlinge banksake wat deur so 'n bank of **[bouvereniging]** onderlinge bank ooreenkomstig die bepalings van genoemde Wette uitgeoefen word.".

**Voorbehouds- en oorgangsbepalings**

**20.** (1) Die herroeping van artikel 15 van die Hoofwet deur artikel 11 raak nie—

*(a)* die vorige werking van artikel 15 of enigiets gedoen kragtens, ingevolge of uit hoofde van artikel 15 nie; of

*(b)* enige reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid verkry, toegeval of opgeloop kragtens, ingevolge of uit hoofde van artikel 15 nie.

(2) Die bepalings van hierdie Wet raak nie enigiets gedoen of gelaat kragtens, ingevolge of uit hoofde van enige bepaling van die Hoofwet, voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, wat gedoen of gelaat kon word kragtens, ingevolge of uit hoofde van 'n bepaling van die Hoofwet soos gewysig deur hierdie Wet nie: Met dien verstande dat enigiets wat deur die Raad op Finansiële Dienste uitdruklik gedoen is kragtens artikels 3*(a)* en 13(3) van die Hoofwet vóór die datum van inwerkingtreding van artikels 1 en 2 van hierdie Wet, regskrag behou tensy die uitvoerende beampte van daardie Raad na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet anders besluit, en in enige sodanige geval, geag word deur daardie uitvoerende beampte gedoen te wees.

(3) Die bepalings van hierdie Wet raak nie—

*(a)* enige regsverrigtinge waarin genoemde Raad op Finansiële Dienste betrokke is, en wat hangende is in enige geregshof onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet nie, welke verrigtinge moet voortgaan in alle opsigte tot finale afhandeling daarvan, asof hierdie Wet nie aangeneem is nie; en

*(b)* enige internasionale ooreenkoms, memorandum van verstandhouding of *communiqué* aangegaan voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet deur genoemde Raad op Finansiële Dienste nie, met dien verstande dat enige werksaamhede of pligte toevertrou of opgelê aan, of regte verleen aan, daardie Raad kragtens, ingevolge of uit hoofde van enige sodanige ooreenkoms, memorandum van verstandhouding of *communiqué* op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet oorgaan op die uitvoerende beampte van daardie Raad.

**Wysiging van wette**

**21.** Die wette vermeld in die Bylae word gewysig in die mate aangedui in die derde kolom daarvan.

**Vervanging van lang titel van Wet 97 van 1990**

**22.** Die lang titel van die Hoofwet word deur die volgende lang titel vervang:

"Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n raad om toesig te hou oor **[die bedrywighede van]** die nakoming van wette wat finansiële instellings **[uit te oefen]** en die verskaffing van finansiële dienste reguleer; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**23.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Raad op Finansiële Dienste, 2000, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

## SCHEDULE

## LAWS AMENDED

## (Section 21)

| No. and year of law | Short title | Extent of amendment |
|---|---|---|
| Act No. 32 of 1996 | Supervision of Financial Institutions Rationalisation Act, 1996 | 1. The amendment of section 2 by the deletion of subsection (6). |
| Act No. 80 of 1998 | Inspection of Financial Institutions Act, 1998 | 1. The amendment of section 1 by the addition to the definition of "financial institution" of the following paragraph:<br>"*(c)* for the purposes of implementation of any agreement, *communiqué* or memorandum of understanding referred to in section 3A, any person referred to in that section;"<br><br>2. The insertion of the following section after section 3:<br><br>**"Inspections for purposes of agreements, *communiqués* and memoranda of understanding**<br><br>**3A.** The registrar may at any time instruct an inspector to carry out an inspection in accordance with the provisions of sections 4 and 5, pursuant to and for the purposes of implementation of any agreement, *communiqué* or memorandum of understanding contemplated in section 22(2)*(b)* of the Financial Services Board Act, 1990 (Act No. 97 of 1990), of the affairs or part of the affairs of any person referred to in, or identified by the requesting authority acting in terms of, any such agreement, *communiqué* or memorandum, and who is present or resident in the Republic.". |

# BYLAE

## WETTE GEWYSIG

## (Artikel 21)

| No. en jaar van wet | Kort titel | Omvang van wysiging |
|---|---|---|
| Wet No. 32 van 1996 | Wet op die Rasionalisering van Toesighouding oor Finansiële Instellings, 1996 | 1. Die wysiging van artikel 2 deur die skrapping van subartikel (6). |
| Wet No. 80 van 1998 | Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1998 | 1. Die wysiging van artikel 1 deur die volgende paragraaf by die omskrywing van "finansiële instelling" te voeg:<br>"*(c)* vir doeleindes van implementering van enige ooreenkoms, *communiqué* of memorandum van verstandhouding bedoel in artikel 3A, enige persoon bedoel in daardie artikel;".<br><br>2. Die invoeging van die volgende artikel na artikel 3:<br><br>**"Inspeksies vir doeleindes van ooreenkomste, *communiqués* en memoranda van verstandhouding**<br><br>**3A.** Die registrateur kan te eniger tyd 'n inspekteur opdrag gee om 'n inspeksie uit te voer ooreenkomstig die bepalings van artikels 4 en 5, uit hoofde van en vir doeleindes van implementering van enige ooreenkoms, *communiqué* of memorandum van verstandhouding beoog in artikel 22(2)*(b)* van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990), van die sake of enige deel van die sake van enige persoon bedoel in, of geïdentifiseer deur die versoekende owerheid handelende ingevolge, enige sodanige ooreenkoms, *communiqué* of memorandum, en wat aanwesig of woonagtig is in die Republiek.". |

Printed by Creda Communications, Cape Town, for the Government Printer, Pretoria, Tel. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000
Gedruk deur Creda Communications, Kaapstad, vir die Staatsdrukker, Pretoria, Tel. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000